NR. [illegible]301391T KONSTABEL ANDRÉ MARTIN, GESTASIONEER TE JOHN VORSTERPLEIN JOHANNESBURG

Verklaar in Afrikaans:-

Ek verklaar dat die volgende verklaring na die beste van my wete en oortuiging waar is en dat ek die verklaring doen met die wete dat as dit as getuienis voorgelê word ek vervolg kan word indien ek daarin o[illegible] setlik iets verklaar wat ek weet vals is of nie glo waar is nie.

Op Donderdag 1982-02-04 om 21h45 het ek aan diens rapporteer te John Vorsterplein selle, waar Nr. W69080K Sersant J. Agenbag wie in bevel geplaas was tydens die diensbeurt, my gepos het op die eerste vloer om administratiewe werk te doen.

Ons was besig om hoflyste uit te maak wat ons die hele tyd besig gehou het omdat daar buitengewoon baie prisoniere was, wat hof toe moes gaan. Om ongeveer 00h55 het Sersant Agenbag aan my gesê om 'n inskrywing in die V.B. te maak dat die selle besoek was. Hy het gesê dat hy so te sê klaar was met sy werk, dan kan hy weer die selle besoek. Ek het die inskrywing om 00h56 gemaak, V.B. 338/02/82. Ons het nie die selle besoek nie. Sersant Agenbag het toe om ongeveer 01h25 opgegaan na die selle. Hy het ongeveer tien minute daarna weer teruggekom en vir my en Konstabel Enslin meegedeel dat 'n Veiligheidsprisonier Neil Aggett homself opgehang het.

Hy het gesê dat ons solank moet aangaan met die werk, hy gaan net vir Adjudant-Offisier Marais in die Aanklagtekantoor roep.

Ek en Konstabel Enslin het opgegaan na die tweede vloer waar die swart polisieman, Konstabel Seleko ons die dooie prisonier gewys het. Ons het onder geen omstandighede aan die lyk geraak nie.

Daarna het ek en Konstabel Enslin teruggegaan na die eerste vloer en aangegaan met ons werk.

Ons het om 06h00 van diens gerapporteer.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die eed as bindend op my gewete.

.......[signature] 301391T.Kst.

B. Ek ... deponent has ...
... was placed thereon ...
gebring.

..................................................

Volle voornaam en van
Full first names and surname ..................................................
(DRUKSKRIF/BLOCK LETTERS)

..................................................

Amp (rang) ... Republiek en Suidwes-Afrika
Designation (rank) ..................................Ex officio Republic and South-West Africa

Besigheidsadres
Business address ..................................................
(Straat ingevul word/Street address must be stated)

..................................................

Datum
Date ..................................................

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.